

Apokaliptiek en veerkragtigheid

Pieter M. Venter

Pieter M. Venter, emeritusprofessor, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Katastrofes van wêreldomvang word met verskillende terme beskryf. In die sekulêre wêreld word dit 'n *apokalips* genoem. Danksy die inherent menslike vermoë van veerkragtigheid word sulke gebeure as oorkombaar gesien. In fundamentalistiese godsdienskringe word dit gesien as finale gebeure wat volgens een of ander dispensasionalistiese skema die einde van die wêreld inlui. Verantwoordbare akademiese eksegeese verstaan die apokalipse in die Bybel volgens die literatuursoort daarvan as verkondiging van God en sy oppergesag oor tyd en ewigheid. Veerkragtigheid wat uit geloof in God gebore is kan die Bybelleser in staat stel om katastrofale gebeure te oorleef.

Trefwoorde: akademies georiënteerde apokaliptisisme; apokalips; apokaliptiese literatuur; Bybelse apokaliptiek; Daniëlboek; die boek Openbaring; fundamentalisme; geestesgesonde Christendom; Jesaja-apokalips; katastrofes; narratiewe literatuur; religieuse apokaliptisisme; sekulêre apokaliptisisme; vertelde ruimte; vertelruimte; vertelde tyd; verteltyd; veerkragtigheid

Abstract

Apocalypitics and resilience

Catastrophic events are part of human history. The Indian Ocean tsunami of 2004 and the COVID-19 epidemic of 2019 are cases in point. Several terms are used to describe such universal catastrophes. The modern press uses the word *apocalypse* to report on these events, which are usually seen as temporary and surmountable. In addition, the word *resilience* is often used to indicate man's adaptability and elasticity of mind to overcome catastrophes and create new circumstances. Progress in scientific research makes it possible to face new challenges.

The Bible presents several revelations indicating catastrophic events on earth. Sections of Joel and Zachariah, the Isaiah apocalypse in Isaiah 24 to 27, the entire book of Daniel, the Little Apocalypse (found in Matthew 24 to 25, Mark 13 and Luke 21), sections of Jude and Peter, as well as the entire Book of Revelation are written in an apocalyptic style. The term *apocalypse* is used here as well. In a Biblical context it is intended to refer to catastrophic events, but the word *apocalypse* is also used to indicate a type of literature. A characteristic of this type of literature is its narrative form. In these stories it is told how a heavenly being reveals God's plans for the world. The related term *apocalyptic* indicates a cluster of religious ideas constituting a revelation of God's intention with the world. A third term, *apocalypticism*, is used to indicate the phenomenon of people using this type of communication. This type of communication is not static, but rather progressive and dynamic, representing changes in human history.

In religious circles the apocalypses of the Bible are interpreted in different ways. Among the popular readings found mostly in fundamentalistically inclined groups, the contents of these revelations are understood literally. Due to the deterministic nature of the apocalypse, dispensational and millennialistic schemes are designed to foretell the future. In some instances, this approach has led to the death of numerous followers of such interpretation. The narrative nature of the Biblical apocalypses plays hardly any role in their reading and followers believe that the foretold apocalyptic catastrophes point to the finality of the present dispensation. Resilience is possible only in another time and another world. The arbitrariness of this type of interpretation allows for readers to be persuaded towards a skewed understanding.

Academically inclined use of the apocalypses pays attention to the type of literature. The definition of *apocalypses* used by the Society of Biblical Literature emphasises their narrative style. Paying attention to features like plot, characterisation, and depiction of time and space, the apocalypse can basically be interpreted as a confirmation that God is in control of the universe and its history. It urges the reader to stand fast during calamity and be resilient, keeping faith in God's rule.

This point of view is illustrated by a cursory reading of several apocalypses in the Bible. A proto-form of later apocalyptic literature is found in Isaiah 24 to 27. These chapters provided the conceptual matrix to deal with **new** circumstances and problems when they arise in future.

In Daniel 1 to 6, stories are told about Daniel and his three friends at the royal court. During the reign of different Babylonian and Persian kings, Daniel shows himself to be an interpreter of dreams. He possesses mantic wisdom, whereby God enables him to interpret the dreams of these kings. In each of these dreams, God is shown to be superior to all earthly kings. The theme of the poetic sections of the book of Daniel is expressed in the letter written by king Darius to "all the peoples, nations and men of every language throughout the land" (Dan. 6:27). God is the living God who rules forever.

Daniel 7 to 12 contains four apocalypses. In these visions, alien animals and quaint scenes are pictured. Narrated time becomes narrative time here. Our common indication of time is changed here according to an ideologically oriented matrix to indicate that God is in command of all time and every event on earth. The section ends when Daniel is told to go his way and continue his life. Being told this – probably during persecution by Antioch Epiphanes during the second century B.C. – the readers are encouraged to be resilient under all circumstances.

As presented in Matthew 24:1 to 25:46, Jesus used apocalyptic expressions to educate his disciples on the future of the temple. He exhorts them to be watchful and responsible while

waiting upon the Son of Man to come. Probably writing his gospel for members belonging to a kingdom movement inaugurated by Jesus, Matthew urges them to be resilient and persevere in their faith.

The Book of Revelation can be read as an apocalyptic drama with a prophetic-eschatological alignment. Positioned between a prologue (Rev. 1:1–8) and an epilogue (Rev. 22:6–21), the central part can be divided into three drama acts. The first act (1:9 to 3:22) addresses the seven congregations in Asia. The Son knows their circumstances and encourages them to continue in their faith. In the second and main act (4:1 to 11:19), the Lion of Judah opens the seven seals of the scroll he received. Dramatic events accompany the breaking of the seals. The act ends where John receives the order to bring the message that some will be saved and others not. The third act (12:1 to 22:1) presents visions of angels, the destruction of Babylon and the second coming of Christ. Offering a religious perspective on the history of the world, the revelation proclaims God’s rulership and his redemption of the world in and through the Son. The believer is urged to hold fast onto this message even under difficult circumstances, and to show religious resilience.

Secular apocalypticism and religious apocalypticism share the use of the terms *apocalypse* and *resilience*. Unlike those who adopt a fundamentalistic viewpoint, both streams are of the persuasion that apocalyptic events are not the total end of history. Both believe in a continuation of life. However, their motivation for being resilient differs largely from each other. In academic research, the analysis of the narrative apocalypses in the Bible is God orientated and based on faith in God. Believers are to analyse “social and ecological ruptures”, as Jensen (2019) calls them. Like the “rest” in the Bible (i.e. the people who returned from exile only to be confronted with new catastrophes), present-day believers are to show resilience under fluctuating circumstances. Through believing in God’s power, they are to find meaning in life.

Keywords: academically inclined apocalypticism; apocalypse; apocalyptic literature; Bible apocalypse; book of Daniel; Book of Revelation; catastrophe; fundamentalism; Isaiah Apocalypse; literature; narrated space; narrative space; narrated time; religious apocalypticism; secular apocalypticism; spiritual Christianity; story time; resilience

1. Inleiding

Die term *apokalips* word deesdae in die kommunikasiemedie gebruik om na katastrofale gebeure te verwys. In religieuse verband verwys die term egter na ’n literêre komposisie wat daardie soort gebeure onthul of aankondig. Dit bestaan gewoonlik uit visioene en drome wat die goddelike wêreld en sy geheime bekend maak (vgl. Rowland 2000a:189).

Die woord *veerkragtigheid* (“resilience”) is ’n modewoord wat verwys na die vermoë om sulke ontwrigtende gebeure te oorkom. In die godsdienswêreld verwys dit na die vermoë om staande te bly tydens sulke gebeure danksy ’n verhouding met God.

Hierdie artikel ondersoek die begrippe *apokalips* (en verwante terme *apokaliptiek* en *apokaliptisisme*) en *veerkragtigheid* binne die sekulêre, fundamentalistiese, en Bybelwetenskaplike kringe. Dit toon aan dat apokaliptiese materiaal in die Bybel ’n element van veerkragtigheid aandui.

2. Sekulêre of kulturele apokaliptisisme

Katastrofes kenmerk die geskiedenis van die mensdom. So was die tsoenami in die Indiese Oseaan op 26 Desember 2004 die oorsaak van 220 000 sterftes. Bosbrande in Australië en Hawaii in die onlangse verlede het enorme skade aangerig. Die kweekhuiseffek en aardverwarming hou die hele wêreld in spannende afwagting. Mensgemaakte katastrofes, soos die twee wêreldoorloë van 1914 tot 1918 en 1939 tot 1945 het miljoene dooies agtergelaat. Die vernietiging van die tweelingtorings met hulle 110 verdiepings in New York op 11 September 2001 het die Amerikaanse psige tot in sy siel geruk. Die huidige gebeure in Oekraïne en die Gasastrook is skrikwekkend.

Dit het algemeen geword om na hierdie soort gebeure as *apokalipse* te verwys. Volgens Whitaker (2020:1) het die woord *apokalips* die trefwoord vir rampe en katastrofes geword. Na analogie van die godsdienstige idee van ’n apokaliptiese onthulling, verwys die sekulêre wêreld ook na hierdie ingrypende soort gebeure as ’n *apokalips*. Dit is gebeure wat die oë oopmaak vir onverwagte wêreldrampe wat radikale sosiale verandering teweeg kan bring. Dein (2021:10) noem hierdie algemene gebruik van die woord *apokalips* “secular apocalypticism” (sekulêre apokaliptisisme). Die Italiaanse antropoloog Ernesto de Martino het in 1964 reeds die term *kulturele apokaliptisisme* gemunt (vgl. Dein 2021:11).

Sulke katastrofes word gesien as ’n oorgang na ’n nuwe fase van die geskiedenis met veranderde lewensomstandighede. Bestaande omstandighede en sosiale gebruike word krities beoordeel en daar word gespekuleer oor hoe dit kan bydra tot veranderde lewenspatrone. Die gedagte is dat die katastrofes oorwin kan word en aanpassing by nuwe omstandighede moontlik is. Dit word uitgedruk met die term *veerkragtigheid* (“resilience”). Holling (1973:1–23) het die term *resilience* gebruik toe hy op ekologiese terrein sy formele veerkragtigheidsteorie (“formal resilience theory”) geformuleer het. Die kern van sy teorie is dat die stabiliteit van ’n stelsel direk in verband staan met die moontlikheid daarvan om enige versteuring te kan weerstaan en weer ewililibrium te bereik. Ketterer (1971:25) verwys na aanpasbaarheid en buigzaamheid in denke (“adaptability and elasticity of mind”). Dit is die vermoë om die positiewe aspek van skrikwekkende gebeure raak te sien en die bereidwilligheid om daarby aan te pas. Dit behels nie net die fisiese stappe wat enkelinge en gemeenskappe neem om katastrofe af te weer nie, maar ook die potensiaal om te oorwin deur sielkundig te reageer en vernuwing te ondergaan. ’n Ander term wat ook in hierdie verband gebruik word, is *herlewing* (“regeneration”) (O’Brien 2017:300).

Veerkragtigheid is nie noodwendig ’n persoonlikheidseienskap nie, maar eerder ’n samestelling van bedrewehede, gesindhede en gedragspatrone wat ontwikkel kan word. Dit kan met verdrag versterk word. Dit bestaan uit meganismes om met probleme saam te leef, tegnieke om dit op te los, selfdissipline en sosiale ondersteuning. Veerkragtigheid is noodsaaklik vir ’n individu om geestesgesond te bly en sy/haar doelwitte te bereik en aspirasies te verwesenlik.

3. Apokaliptiek en die Bybel

Terwyl die term *apokalips* in die niereligieuse wêreld gebruik word om die aard van ontwrigtende gebeure aan te dui, word dit in die religieuse wêreld gebruik as aankondiging van onder andere daardie ontwrigtende gebeure. Die Griekse woord *apokalupsis* funksioneer binne die semantiese velde van bekendmaking, onthulling en openbaarmaking. In die Bybel is *apokalips* die tegniese naam vir ’n bepaalde soort literatuur (genre) wat in verskillende Bybelboeke voorkom.

Terwyl die term *apokalips* die bepaalde literatuursoort met sy kenmerkende eienskappe aandui, dui die term *apokaliptiek* die fenomeen van die onthulling van hemelse geheime in die vorm van visioene aan. Anders bewoerd: *apokaliptiek* verwys na 'n bondel van godsdienstige idees ("cluster of religious ideas") (Rowland 2000b:190) wat in die vorm van openbarings weergegee word. Die aanverwante term *apokaliptisisme* verwys na die verskynsel waar 'n groep mense van hierdie soort kommunikasie gebruik maak (vgl. Murphy 1994:148; Rowland 2010:345). Hendel (2008:279) het op grond van hierdie benaming uitgewys dat apokaliptisisme nie met 'n statiese proses werk nie, maar met 'n voortgang wat deur nuwer krisisse beïnvloed word. Dit is deel van 'n tradisiestroom van denke. Nuwer omstandighede met hulle bepaalde problematiek lei tot nuwer idees en begrippe. Konseptuele en interpreterende verskuiwings kom dus in die latere apokalipse voor.

In die Bybel het die profeteboeke Joël en Sagaria apokaliptiese trekke. Jesaja 24 tot 27 verteenwoordig 'n vroeëre fase van apokalipse. Daniël 1 tot 6 het met mantiese wysheid te doen. Daniël 7 tot 12 is in sy geheel 'n apokalips. In die Nuwe Testament staan Matteus 24 tot 25 (met parallelle in Markus 13 en Lukas 21) bekend as die Klein Apokalips. In die boeke Judas en 1 en 2 Petrus kom duidelike invloede van ouer apokaliptiese literatuur voor. Die Openbaring is ook in sy geheel 'n apokaliptiese boek. Die boek is vol van apokaliptiese idees waarvan baie ontleen is aan bestaande apokalipse in die na-Christelike tyd.

Hierdie tipe literatuur kom ook in Deuterokanonieke versameling voor. Dit is boeke soos Die Testament van die Twaalf Aartsvaders en 2 Esdras. Nog 'n tipe versameling is dié van pseudepigrafiese geskrifte. Die apokaliptiese boeke in hierdie versameling is geskryf onder 'n *nom de plume*, gewoonlik dié van een of ander Bybelse figuur. 1 Henog (vanaf ongeveer 200 v.C.) en 2 en 3 Barug (ongeveer 100 n.C.) is pseudepigrafiese boeke wat volledig in apokaliptiese styl geskryf is. Daar is tussen 100 en 400 n.C. ook pseudepigrafiese Christelike apokalipse geskryf, soos die Apokalips van Petrus, die Apokalips van Paulus, die Hemelvaart van Jesaja en die Testament van Abraham. Dit beskryf ook bonatuurlike gebeure in esoteriese taal, maar gaan eerder oor die lotgevalle van individue as oor die kollektiewe inhoude van die meer tradisionele apokalipse.

4. Religieuse apokaliptisisme

Vroeëre sekulêre apokaliptisisme het dit aanvanklik met religieuse apokaliptisisme eens gehad dat apokaliptiese gebeure die werk van God is. In albei gevalle was die beskouing dat katastrofale gebeure van Bo bepaal is. Hierdie gebeure was God se manier om die wêreld te straf. Met die toename van tegnologiese ontwikkeling en toenemende sekularisme het die vertikale beskouing die wyk begin neem voor horisontale denke. Die sekulêre beskouing is eerder dat alle gebeure die gevolg is van natuurverskynsels of gewoon sosiopolitieke veranderings. Religieuse apokaliptisisme, daarenteen, het voortgegaan om gebeure te sien as gebeure wat God laat gebeur en wat op 'n wentelpunt in die geskiedenis staan.

Vanuit 'n lesersperspektief onderskei De Villiers (2016:241) tussen 'n populêre verstaan van apokaliptiese literatuur en 'n wetenskaplike begrip daarvan. Populêre lesings is geneig om die Bybelse apokalips letterlik te verstaan. So word, byvoorbeeld, Openbaring 20:1–6 se gedagte van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde letterlik verstaan. Dit word geïnterpreteer dat daar aan die einde van die tyd 'n volledige plaasvervanging van die huidige fisiese kosmos sal wees.

Die verwagte einde word ingepas in een of ander tydskema. Projeksies word op 'n taamlik willekeurige wyse vanuit verskillende verwagtings gemaak en dan as die waarheid van die Bybel verkoop.

Die tydskemas wat die Bybelse apokalipse self aanbied, werk met 'n deterministiese tydsbegrip. God het bepaalde gebeure vir bepaalde tye bepaal. In Daniël en Die Openbaring word skemas oor wêreldgebeure aangebied. Teen hierdie agtergrond is verskillende dispensasionalistiese skemas deur verskillende apokaliptiese groepe ontwikkel. Millennialistiese (duisendjarige) dispensasionalistiese ontwerpe is 'n voortgaande poging om die Bybelse apokaliptiek op een lyn te stel met kontemporêre gebeure. Onder apokaliptiese bewegings oor al die eeue het die oortuiging bestaan dat dit nie oor die verlede gaan nie, maar oor die toekoms en die rol wat die bepaalde groep daarin sal speel. Dit het die tendens geword om ook die eie tyd as gedetermineerd te sien. Sake gebeur volgens 'n voorafbepaalde tydraamwerk.

Schüssler Fiorenza (1998:1) praat in hierdie verband van “fundamentalist media-apocalypticism” (fundamentalistiese media-apokaliptisisme). Hierdie soort beskouings kan meesal as fundamentalisties gesien word. Fundamentalisme is 'n intellektuele, politiese of teologiese beskouing waar iemand oortuig is van die absolute sekerheid van die waarheid of korrektheid van die persoon se bepaalde geloofsiening. Dein (2021:7) wys verskillende groepe in Amerika uit wat geken kan word aan apokaliptiese sienings. Volgens Dein (2021:7) lei “dispensational premillennialism” tot oordeelsdagdenke. Onder hierdie groepe tel Dein onder andere die Milleriete, Shakers, Jehovasgetuies, lede van die Oneida-gemeenskap, Mormone, en Sewendedag-Adventiste. In die *Left behind*-reeks van 16 godsdienstige romans deur Tim LaHaye en Jerry B. Jenkins word die profesieë van Daniël, Jesaja en Esegël en Die Openbaring volgens hierdie sienswyse uitgelê (vgl. ook Murphy 1996:7).

Wanneer hierdie soort beskouing verabsoluteer word, lei dit gewoonlik tot ekstreme gebeure. Die voorspellings van die koms van 'n postmillennialistiese koninkryk op aarde het telkens aanleiding gegee tot die uitwissing van selfs hele gemeenskappe. Voorbeelde hiervan is die tragiese gebeure van Jim Jones se Peoples Temple van Jonestown, Guyana. Kongreslid Leo Ryan het hulle op 18 November 1978 besoek, hulle het hom doodgeskiet en by die 900 mense het hulleself om die lewe gebring. David Koresh en sy Branch Davidians is in April 1993 deur vuur gedood. Ewe bekend is die kultiese selfmoord van 39 van Marshall Herff Applewhite se Heaven's Gate-groep in Kalifornië tussen 23 en 26 Maart 1997. 'n Voorbeeld van hierdie misbruik onder ekstremistiese groepe uit Afrika is te vind in Kanungu, Uganda. Joseph Kibweteere se Movement for the Restoration of the Ten Commandments of God het gelei tot die dood van 924 van sy lede. Hulle is op 17 Maart 2000 in hulle kerkgebou vassekeer en is in die afbrand daarvan dood (vgl. Venter 2006b:165–6).

Die probleem met hierdie tipe benadering is die willekeurigheid daarvan. Dit lei ook nie tot veerkragtigheid nie, maar eerder tot verlamming en angsvalligheid. Dein (2021:7–10) het reeds uitgewys dat hierdie soort gebruik van apokalipse aanleiding gee tot negatiewe standpunte oor die oordeelsdag. Die persoon se ideologie word in die apokaliptiese tekste ingelees asof dit die finale woord oor die saak is. Martha Himmelfarb se publikasie *The apocalypse: A brief history* (2009) gee nog meer voorbeelde van waartoe die ekstremistiese lees van die apokaliptiese literatuur aanleiding kan gee. Omdat die voorspelde gebeure die einde is van alles op aarde, is daar ook nie hier sprake van veerkragtigheid nie. Alles wat voorlê, gebeur buite hierdie dispensasie.

5. Akademiese benadering tot apokaliptiek

Murphy (1994:182) het aangetoon dat daar 'n redelike groot verskil is tussen algemeen religieuse apokaliptisisme en akademies georiënteerde ondersoek. In akademiese navorsing word sake in berekening gebring wat meesal ontbreek in die fundamentalistiese lees van die tekste. In die akademiese lees van die apokalipse word nie net die literatuursoort (in Duits *Gattung* of in Frans *Genre*) in berekening gebring nie, maar ook die *Sitz im Leben* (Duits vir die milieu of sosiale konteks) waarin daar gekommunikeer word. Akademici werk met die definisie wat deur die lede van die Society of Biblical Literature vir die apokaliptiese *Gattung* gebruik word (vgl. Collins 1979:1–10). Hulle beskou die apokalips as literatuur wat vanuit 'n bepaalde ideologiese raamwerk geskryf is en wat die wêreld op 'n eiesoortige manier vertolk. Dit kom uit kulturele ontwrigting waar alles onseker geword het, wanneer, volgens Hendel (2008:278), “the center cannot hold” (die sentrum disintegreer).

Volgens hierdie benadering is 'n apokalips:

- openbaringsliteratuur binne 'n vertelraamwerk
- kommunikasie van 'n buitewêreldse wese met 'n mens
- 'n bekendmaking in simboliese taal van die transendente werklikheid van God en sy besluite
- wat verlede, hede en toekoms raak
- wat in terme van ruimte en tyd die eskatologiese redding van die gelowiges aankondig
- en aan dié wat in nood verkeer hoop en bemoediging gee.

Die apokalips roep Goddelike gesag in om die hoorders se gedrag in 'n bepaalde rigting te stuur. Dit is myns insiens hier waar die begrip *veerkragtigheid* inkom. Die apokalips bring 'n positiewe houding teweeg by hulle wat teenspoed ervaar en bereidheid by hulle om aan te beweeg.

Die aard van die literatuur lei noodwendig tot vorming van hipoteses oor die betekenis daarvan (vgl. De Villiers 2016:241 en daaropvolgende bladsye). Die esoteriese beelde en talle simbole leen hulle daartoe om deur assosiasie allerlei betekenis aan die teks te heg. 'n Gefundeerde hipotese is eerder om op die aard van die literatuur self te konsentreer. In die geval van apokaliptiese literatuur in die Bybel het ons grotendeels met narratiewe te doen.

Alle apokalipse het 'n vertelraamwerk. In apokaliptiese materiaal word vertellings ook op 'n eiesoortige manier aangebied. Die uitdrukkings in apokalipse is dikwels vreemd en raaiselagtig. Die apokalips moet verstaan word volgens die betekenis wat die teks self aan sy inhoud gee. As hierdie eienskappe nie in ag geneem word nie, lei dit tot skeeftrekking in die lees van die teks. Dit is ongelukkig meesal die geval in die fundamentalistiese lees van apokalipse. Die vertelaard van hierdie soort kommunikasie word buite rekening gelaat. Dit word verstaan asof dit blote feite aanbied. Daar word ook gekonsentreer op geïsoleerde woorde en volgens eie assosiasies daarvan simbole gemaak. Betekenis word in die teks ingedra wat opsigtelik nie bedoel was nie.

Vertellings bied gegewens aan volgens die verteller se sienswyse en vertolking van sake. Oor die algemeen is die basiese komponente van narratiewe in die Bybel die verwickelingsplan (plot), tyd en ruimte, persone, verteller en funksie (vgl. Amit 2009:225). In die kursoriese ont-

leding van 'n paar Bybelgedeeltes wat hier onder volg, word daar op drie aspekte van die apokalipse gekonsentreer: tyd, plek en karakter. Dit sal 'n aanduiding gee van wat 'n akademiese benadering tot apokaliptiek alles inhou.

Die tyd in vertellings is temporeel (“temporal”), omdat dit op gebeure van 'n bepaalde tyd dui. Daar word in vertelteorie onderskei tussen “story time” (die blote gebeure in die verhaal) en “discourse time” (die wyse en volgorde waarop die verteller daardie gebeure aanbied). Amit (2009:225) verwys daarna as “deviation from the diachronic time sequence that characterizes the historical descriptions” (afwyking van die diakroniese tydsopvolging wat eie is aan historiese beskrywings). Ons kan ook daarna verwys as “vertelde tyd” (die alledaagse tyd wat aangedui en beskryf word) en “verteltyd” (die tydsduur van die vertelling en sy inleiding van gebeure oor die verloop van tyd). In vertellings kan 'n duisend jaar se tyd ingekrimp word tot slegs 'n paar sekondes van vertelling. In apokaliptiese materiaal is daar boonop 'n vertelling binne 'n vertelling. Daar word op die basiese vlak vertel hoe 'n hemelwese met die menslike ontvanger kommunikeer. Die inhoud van die kommunikasie is egter weer 'n vertelling van bo-aardse gebeure op 'n tweede vlak. Tyd beweeg dus hier op twee vlakke.

In apokalipse kan die vertelde tyd aangedui word in terme van alledaagse tydsterme soos Sabatte, jubeljare en weke. Binne die vertelling self word daar egter simboliese waarde daaraan toegeken. Tyd werk dan anders as ons chronologiese aanduidings van 24 uur en 365 dae. In 'n apokalips kan tyd aangegee word as “'n tyd en 'n halwe tyd” (Dan. 7:25, 12:7). Tyd kan dan enigiets beteken – 'n uur, 'n dag of selfs jare. Die openbarings maak ook gebruik van gekodeerde taal sodat hierdie begrippe die sleutels is vir iets heeltemal anders. Die apokaliptiese literatuur gaan onder andere ook oor die toekoms, maar selfs nog meer as dit. Dit bied 'n omvattende historiese konstruk aan wat nie net oor die einde gaan nie. Dit omvat die tydperk vanaf voor die geskiedenis van die wêreld begin het, regdeur tot die tyd nadat die laaste dinge sal gebeur. Dit maak God se beskouing van buite oor die ganse skepping en al sy tye bekend.

Plek in verhale is ruimte met twee kante. Aan die een kant is daar *vertelruimte*. Dit is die toneel wat in die mededeling geskep word. Aan die ander kant is daar *vertelde ruimte*. Dit is die alledaagse plek in die storie. Die vertelling dui geografies die plek en ruimte aan waar die mededeling plaasvind. Die vertelling bevat ook die uitbeelding van ruimtes en plekke wat deels aards is en deels hemels. Daar word in die vertelruimte met metafore en simbole na plekke verwys. Hier word hemelse en aardse ruimte direk met mekaar verbind. Dit beoordeel die huidige wêreld meesal negatief. Daar is ook 'n dualisme tussen aarde en hemel, lig en donker, opponerende magte en konflikte tussen die goeie en die bose. Die ruimte of plek in die vertelling is dus ruimtelik (“spatial”) omdat dit werk met 'n bonatuurlike wêreld. Dit is gekonstrueerde ruimte wat met die oog op die bedoeling van die vertelling gewone aardse ruimte omskep in 'n eiesoortige ruimte (vgl. Zoran 1984:309–35).

Die derde aspek van vertellings is dié van karakters. Die persoon in 'n apokalips is gewoonlik een of ander bo-aardse wese wat in gesprek tree met 'n aardse mens. Die protagonis word altyd verbind aan die naam van een van die Bybelse figure uit die tradisie, byvoorbeeld Henog. Dit beskryf ook omvattend gebeure wat alle mense en die hele kosmos insluit. Die geskiedenis van die wêreld word in terme van apokaliptiese begrippe soos angelologie, demonologie en kosmologie vertel.

Apokaliptisisme het die konseptuele raamwerk of denkpatroon (“conceptual structure”) (DiTommaso 2007:407) verskaf om die bestaande tradisies van ou Israel in die lig van huidige gebeure te herinterpreteer. Dit het as ’n heuristiese matriks gedien. De Villiers (vgl. 2016:255) is van mening dat hierdie literatuur nie afkomstig was van ongeleerdes, armes en verdruktes nie, maar van ’n kring van geleerdes. Daar was ’n hermeneutiese beweging wat onder wisselvallige omstandighede na die betekenis van die lewe gesoek het.

Die apokaliptiese literatuur in die Bybel en aanverwante literatuur uit dieselfde tydperk is die produk van ’n Joods-Christelike tradisiestroom. Die verwoesting van die tempel in Jerusalem tussen die jare 597 en 583 v.C. en die gevolglike onderdrukking van die Judeërs het aanleiding gegee tot hierdie soort literatuur. Al is die tempel in Jerusalem in 516 v.C. weer herbou, het die vervolging van vreemde oorheersers, soos dié van Antiochus Epifanes IV gedurende die eerste deel van die tweede eeu v.C., aanleiding gegee tot krisis in die godsdiens. Antiochus se ontwyding van die tempel en sy bevel om aan Zeus te offer en op sy verjaarsdag onder andere varke in die tempel in Jerusalem te offer (167 v.C.), het bygedra tot godsdiensvervolging en sosiale krisis. In die na-Christelike tyd het die finale verwoesting van die herboude tempel van Jerusalem tussen 14 April en 8 September 70 n.C. deur die Romein Titus verdere stukrag aan die gebruik van hierdie soort literatuur gegee. Dit word as ’n groeiende tradisie beskryf wat veral onder verskillende katastrofale omstandighede geskep is. Dit wys op die gistende chaos (“fermenting chaos”) (Van Zyl 1962:45) wat kenmerkend was van die Joodse religie gedurende die vier eeue tussen Aleksander die Grote en die vernietiging van Jerusalem deur Titus. Apokaliptiese literatuur in die Bybel en buite-Bybelse apokalipse van dieselfde tyd word gevolglik direk verbind aan die tyd van die Tweede Tempel (516 v.C. tot 70 n.C.). Die oorsprong daarvan lê egter verder terug in die geskiedenis (vgl. Jes. 24 tot 27 hier onder).

Die basiese bedoeling van die openbarende vertelling is om gelowiges te versterk in tye van beproewing. Dit wil hulle bemoedig deur by hulle die afwagting te skep dat God die finale oorwinnaar is oor die bose. God sal op God se tyd mense uit die nood bevry. Dit is asof dit ’n noodhulphandeling is om mense in hulle benoudheid moed te gee en veerkrag te verskaf om te oorleef. Dié wat volhard in hulle geloof beskik oor die oorlewingskrag om te oorwin. In die Bybelse literatuur skakel apokalipse en veerkragtigheid myns insiens met mekaar.

Om hierdie standpunte te verduidelik sal daar nou kursories aandag gegee word aan hoe enkele gedeeltes van die apokaliptiese literatuur vertolk kan word. Daar sal gefokus word op veral die vertelaspekte van tyd, ruimte en persoon.

6. Die Jesaja-apokalips (Jesaja 24 tot 27)

Navorsing na die apokaliptiese literatuur van die Bybel is grootliks gestimuleer deur Paul Hanson se publikasie *The dawn of apocalyptic* van 1975. Hy het navorsing gedoen oor die verhouding tussen profetiese eskatologie en apokaliptiese teologie gedurende die agtste eeu v.C. Hy het gefokus op wat Duhm reeds in 1892 die “Jesaja-apokalips” van Jesaja 24 tot 27 genoem het.

Die wins van Hanson se werk was dat hy, volgens Skjoldal (1993:164), die basis vir toekomstige navorsing na die apokaliptiese literatuur daargestel het. In sy navorsing het Hanson na die bepaalde gedeelte van Jesaja verwys as “proto-apokaliptiese literatuur”. Dit is die voorfase van latere volledige apokalipse.

7. Daniël 1 tot 6

Die Daniëlboek beslaan geskiedenis wat oor verskillende tydperke strek. Dit het twee dele. Hoofstukke 1 tot 6 vertel van die wederverings van Daniël en sy drie vriende aan die koninklike hof. Hoofstukke 7 tot 12 bevat vier apokaliptiese visioene. Die vertelde tyd in die eerste deel (1 tot 6) strek vanaf die sesde tot die tweede eeu v.C. In hierdie deel is ouer materiaal uit die tyd van die Diaspora gebruik as agtergrond waarteen die redaktor 'n “nuwe wêreldbeeld ontwikkel [het] wat deur die nuwe omstandighede, die Antiocheense krisis, vereis word” (Nel 2004:250).

Daniël 1 tot 6 is in prosavorm geskryf en bestaan uit ses vertellings. Die Bybel 2020-vertaling (2020:934) praat van “heldeverhale” in Daniël 1, 3 en 6. Dit word afgewissel met “uitlegverhale” in 2, 4 en 5. Daniël is die sentrale figuur in die vertellings. Hy word uitgebeeld as 'n wyse man, iemand wat regverdig is en oor die vermoë beskik om probleme van mantiese (waarsêers-) aard op te los. Die verhale speel af binne die ruimte van die koninklike hof. Die koninklike hof is gewoonlik ook die setel van onderrig. Die verhale kan dus as “wysheids- of didaktiese literatuur gelees” word (Nel 2001:605; vgl. Nel 2002:604). Dit is ook moontlik om byvoorbeeld Daniël 2 as satire te lees “wat met behulp van veral ironie en humor weerstand teen politieke onderdrukking bied, en optrede daarteen aanmoedig” (Nel 2012:7; vgl. ook die titel van Valeta 2008 se publikasie).

Die tye waarin die gebeure volgens hierdie verhale afspeel (vertelde tyd), is dié van die Babiloniese konings Nebukadneser (hoofstukke 2 tot 4, ook genoem Nebukadneser II 530 tot 561 v.C.), Belsasar (hoofstukke 5 en 7 tot 8, sterf 539 v.C.), die Persiese koning Darius I (hoofstukke 6 en 9, 550 tot 486 v.C.) en die Persiese koning Kores II die Grote (hoofstukke 10–12, 590 tot 529 v.C.). Volgens hedendaagse navorsing was Darius die opvolger van Kores en nie andersom soos die Daniëlboek dit voorstel nie (vgl. Collins 1993, o.a. bladsy 131 vir hierdie problematiek). Dit wys op die verskil tussen vertelde tyd en verteltyd. Tyd word anders aangebied as die feitelike chronologiese volgorde. Daar word ook van 'n eiesoortige manier van datering gebruik gemaak. Op tipiese Ou Naby-Oosterse manier word gebeure of persone telkens in terme van die regeertyd van een of ander koning aangedui. Dit en ander historiese onakkuraathede in terme van huidige datering bevestig dat tyd hier anders verstaan moet word (vgl. Venter 2000:680). Die vertelling gee 'n tipe voëlvlug oor verskillende konings en hulle regering oor die tyd. Dit open 'n perspektief vir die hoorder oor konings en hulle mag. Wanneer tyd in terme van maghebbers en hulle uitvoerende mag vertel word in die verteltyd, word dit voortdurend in opposisie tot God se almag oor tyd en gebeure gedoen. Oor die verloop van die verteltyd word die tema herhaaldelik aangedui as een van mag teenoor 'n ander Mag. Tyd funksioneer dus hier in terme van mag. Die apologetiese bedoeling is duidelik dat dit oor God se almag gaan.

In die komposisies is daar ook kort gedigte opgeneem (vgl. Venter 1993:2009–29). Volgens kenmerkende Semitiese neweskikking van inhoude kan gedigte in Daniel 1:4, 2:20b–23, 2:47b–e, 4:3, 4:14b–17, 4:20b–21, 4:34c–35 en 4:37 geïdentifiseer word. Die eerste vlak waarop die verhaal vertel word, is 'n vertelling oor Daniël en sy mantiese wysheid wat die probleem oplos danksy sy verhouding met God. Die gedigte bring egter 'n tweede vlak van betekenis na vore. Die koning is nie soseer geïnteresseerd in die voorspelde gebeure van die droom nie. Die stiges in Daniël 2:47b dui die eintlike tema van die vertelling aan. Dit gaan oor die beeld in die koning se droom. Nadat hy die uitleg vir sy droom gehoor het, bely Nebukadneser dat Daniël se God die Heer van die konings is en die God van al die gode. Hy is die een wat geheime openbaar. Die gedigte ondersteun die tema van die historiese oorsig in die eerste ses hoofstukke. Die fokus val dus nie op tye en gebeure as sulks nie, maar op God se almag oor alle tye

heen. Met hierdie oortuiging in hulle harte kan die gelowiges veerkragtig staande bly te midde van alle koninklike willekeur.

Ook op ruimtelike vlak dui hoofstukke 1 tot 6 'n eiesoortige manier van verstaan aan. Die weiering om die koning se kos te eet in hoofstuk 1 beeld nie net 'n verskil oor dieet aan nie, maar eintlik die konflik tussen twee ideologiese wêreldes (Venter 2006a). Die verhouding met God skep vir die Judeërs 'n unieke identiteit. Om hulle daarvan te ontnem, bring die eer van God in die gedrang. Wat die vertelling uitbeeld is dus die mag van die wêreldse koning teenoor die mag van God. En wanneer die vriende se wysheid as die meerdere verklaar word, is dit 'n verklaring van God se oppermag. So dui die storie aan hoe die verbintenis van die Judeërs met God aan hulle die veerkragtigheid verleen om binne die ruimte van vreemde oorheersing 'n eiesoortige geloofsruimte te kan handhaaf.

Die uitbeelding van tyd en ruimte in die eerste deel van die Daniëlboek is dus die instrument waardeur die verteller sy beskouing oor die geskiedenis en die kom en gaan van magshebbers uitbeeld. Dit gaan oor die oppermag van God oor die gang van die geskiedenis. Die brief van Darius (Dan. 6:27) verwoord die Daniëlvertelling duidelik: Almal moet met vrees en bewing vervul wees vir Daniël se God, want "Hy is die lewende God wat in ewigheid bestaan; sy koninkryk is een wat nie vernietig word nie, en sy heerskappy is tot die einde toe" (Die Bybel 2020-vertaling). Dié wat hieraan vashou beskik oor die vermoë om te oorleef.

8. Daniël 7 tot 12

Die tweede deel van die Daniëlboek bestaan uit vier apokalipse. Daar is 'n visioen oor vier vreemde diere (Dan. 7), 'n visioen van twee ramme wat met mekaar bots (Dan. 8), Daniël se gebed oor die herstel van Jerusalem (Dan. 9) en verdere visioene oor die verloop van gebeure (Dan. 10 tot 12). Hierdie visioene met hulle vreemde beelde is tipies van die rigting waarin apokalipse teen die tweede eeu v.C. beweeg het. 'n Hemelse figuur verduidelik telkens aan Daniël wat die dinge beteken wat hy gesien het.

Sover dit tyd in die vertelling aangaan, lewer Daniël 7 tot 12 bepaalde probleme. Verskillende begrippe vir tyd word in die verteltyd van Daniël 7 tot 12 gebruik. Sommige is redelik naby aan die vertelde tyd soos ons dit sou ervaar. Party daarvan dateer die tyd in terme van die regeertyd van konings (8:1), ander weer volgens die tye van feeste (7:25), en ander in terme van dae en jare (8:26, 9:2, 9:24, 10:2, 3, 13). Tye wat minder duidelik is in die verteltyd, is dié wat praat van "die einde" (12:4) en "die vasgestelde tyd" (8:19, 11:27, 29). Daar is tydsaanduidings wat 'n raaisel is, soos "tyd, tye en 'n halwe tyd" (7:25, 12:7). Die Semitiese opvatting van die dag wat in die aand begin (vgl. "aand en more" Gen. 10) kom in uitdrukkings soos "tweeduisend drie honderd aande en oggende" (8:14 en 11:27, 29) voor. Dit is veral raaiselagtige syfers soos dié wat die bron vir dispensasionalistiese en millennialistiese spekulasies is. Die probleme om tyd hier te verstaan is velerlei. 'n Maand in die Hebreeuse Bybel was eerder 'n maanmaand as ons kalendermaand. Tyd werk hier volgens 'n ideologies georiënteerde matriks. God is ook nie onderworpe aan die tydschema wat hier aangegee word nie, maar eerder die Een wat die tyd vasstel en bepaal. Die tyd is in die Here se Hand. Die tyd wat in die vertellings gebruik word, dui op die teologiese waarheid dat God soewerein oor die geskiedenis heers en dit volgens sy besluit sal bepaal en lei.

Daniël 9:1–27 wys hoe bestaande literatuur in apokalipse gebruik is. Jeremia se woorde dat Jerusalem vir sewentig jaar verval sal wees (Jeremia 25:11–14 en 29:10) word hier op ’n nuwe manier gebruik. Jeremia se uitspraak (Dan. 9:1–2, 20–27) omraam hier Daniël se gebed in 9:3–19. Die engel Gabriël verskyn aan Daniël en lig hom in dat die sewentig jaar dui op tien keer sewe Sabbatte van jare. Tussen die uitstel van die terugkeer na Jerusalem en die aandrang op volharding in die gebed is daar ’n dialektiese verbinding (vgl. Venter 2004:607–24; Venter 2007:33–49). Gebed en openbaring word op een lyn gestel om geloof en Godsgebeure met mekaar te vereenselwig. “Omdat hulle oortuig is van ’n toekoms wat God uitgewerk het en wat aan hulle geopenbaar is, kan hulle ’n houding inneem wat nie daarop gerig is om God se besluite of die wêreld te verander nie, maar ’n houding van vroomheid en ootmoed waar hulle lewe met die oog op God gerig” (Venter 1997b:346).

Die slotsom in die vertelling van Daniël 7 tot 12 staan in 12:13: “En jy, gaan voort tot die einde toe.” Daar is ’n wagtyd na die einde toe wat met die teenstrydige tydsaanduiding van “duisend twee-honderd-en-negentig dae” (Dan. 12:11) teenoor “duisend drie honderd vyf-en-dertig dae” (Dan. 12:12) weergegee word. Die betekenis van “dae” is eweneens in geheimenis gehul. Dit verhoog die misterie van onbepaaldheid vir die einde en plaas klem op die noodsaak van volgehoue afwagting. Die gedagtes van die gebed in Daniël 9:3 tot 19 vind hier weerklank in ’n oproep om vas te hou en volhardend aan te hou. Taaiharde veerkragtigheid is deel van ’n geloof wat op God wag en voortlewe.

Daniël 7 tot 12 bied vertellings aan met verwysde plek en verwysde tyd wat eiesoortig is. Die bestaande literatuur word met apokaliptiese betekenis verbind. Die godsdienstryke word apokalipties geherkontekstualiseer. Skematiese historiese gebeure word die middel waardeur die almag van God ook oor tyd en plek verkondig word. ’n Perspektief word vir die hoorders geopen om vanuit die oortuiging van God se almag oor tyd en plek met geduld en afwagting te leef.

Die maatreëls van Antiochus Epifanes in 167 v.C. om die gebeure by die tempel in Jerusalem te ontwrig, het tot hewige reaksie gelei. Twee groepe het op verskillende maniere gereageer. Die groep wat verantwoordelik was vir die skryf van die pseudepigrafiese Boek van Droomvisioene (1 Henog 83 tot 90) het ’n militante benadering voorgestaan wat met dié van die latere Makkabeërs ooreengestem het. Die groep wat verantwoordelik was vir die tweede deel van die Daniëlboek (Dan. 7 tot 12) was die leermeesters van die tyd. Hulle het konfrontasie vermy, hulle van die publieke sfeer onttrek en eerder die weg van passiewe verzet gekies. Venter (1997a:89) verwys na hulle houding as “apocalyptic modification of asceticism” (apokaliptiese wysiging van onthouding). Hulle het God se leiding afgewag en gekonsentreer op die naking van godsdienstige voorskrifte.

9. Matteus 24 tot 25 – die Klein Apokalips

Jesus het na aanleiding van sy dissipels se opmerking oor die tempel sy leerstellings oor die toekoms daarvan uiteengesit (Markus 13:1 tot 37 en Lukas 21:5 tot 36). Op hulle vrae “Wanneer sal dit gebeur?” en “Wat sal die teken wees?” antwoord Hy hulle met tipiese apokaliptiese beelde en gelykenisse. Matteus 24:1 tot 25:46 bied ’n langer weergawe van hierdie onderrig. Dit kan in drie dele verdeel word: Matteus 24:3–31, 24:32 tot 25:30 en 25:31–46. In die eerste deel (24:3–31) en die derde deel (25:31–46) gee Matteus Jesus se verduideliking weer. Jesus dui aan dat daar

kosmiese versteurings, rampe, verdrukking, ’n laaste oordeel en die koms van die Seun van die mens sal wees. In die middeldeel (24:32 tot 25:30) gee Matteus verskillende “didaktiese gelykenisse” (vgl. Horsley en Tiller 2012:273) wat Jesus gebruik het. Die gelykenisse word vertel met die herhaaldelike oproep “leer” (24:32), “weet” (24:33) en “waak dan” (25:13). Dit gaan gepaard met die uitspraak dat niemand weet wanneer dit sal gebeur nie (24:36; 24:42–44 en 25:13). Volgens Luz (2005:179) is die doel van die gelykenisse om die oplettendheid op te skerp om wakker te wees en dus “right praxis” (korrekte gebruik) van die inligting aan te moedig. Volgens Van Rensburg en Nel (2009:1405) gaan dit nie vir Matteus oor wanneer alles sal gebeur nie, maar eerder om die gelowiges aan te moedig om die praktyk te beoefen om voortdurend waaksaam te wees en te volhard.

Die vrae wat die leerling gevra het oor “wanneer” en “wat” (die eerste deel in 24:3–31) word eers in die laaste deel (25:31–46) op ’n bepaalde manier beantwoord. Volgens Horsley en Tiller (2012:272) is hierdie deel ’n “lengthy exhortation on watchfulness and responsibility” (uitvoerige aansporing tot waaksaamheid en verantwoordelikheid). Dit vorm die omraming van die gelykenisdeel (24:32 tot 25:30). Volgens Luz (2005:203–4) is die eskatologiese uitbeelding van die geskiedenis in die eerste deel die voorbereiding vir wat volg in die derde langer deel. Soos Matteus dit aanbied is die beskrywing van die geskiedenis nie ’n doel op sigself nie, maar die agtergrond van wat in die derde deel staan: die paranese (pleidooi). Matteus dui nie die “wanneer” in sy evangelie aan nie. Die enigste teken is die koms van die Seun van die mens. In afwagting op sy koms word die gelowiges aangemoedig om waaksaam te wees en te volhard (paranese) (vgl. Luz 2005:204). Horsley en Tiller (2012:272) veronderstel dat Matteus sy evangelie geskryf het in ’n tyd nadat die tempel in Jerusalem (70 n.C.) reeds verwoes is. Geloofsgemeenskappe het ontstaan en dit is vir hulle dat die lewe en werk van Jesus oorvertel word. Horsley en Tiller (2012:273) noem dit ’n “‘kingdom’ movement inaugurated by Jesus” (koninkrykbeweging deur Jesus aan die gang gesit). Die manier waarop hy die evangelie oordra is dus eerder bedoel vir “further building and solidification of the movement” (verdere opbou en groei van die beweging) (Horsley en Tiller 2012:272). Hierdie woorde van Jesus met sy apokaliptiese trekke is nie bedoel vir “passive watching” nie, maar vir “active service” (eerder aktiewe diens as passiewe toekyk) (Horsley en Tiller 2012:272).

Die inhoud van die Klein Apokalips, soos weergegee in Markus, Lukas en veral Matteus, staan direk in verband met aktiewe volharding. Hierdie apokalipties georiënteerde gedeeltes moedig wat ons “veerkragtigheid” wil noem aan; volhardende geloof in afwagting op die koms van die Seun van die mens.

10. Die Openbaring

Volgens Schüssler Fiorenza (1998:4) is Die Openbaring die resultaat van die interaksie tussen Pauliniese, Johannese en Christelik apokalipties–profetiese tradisies van groepe in Klein-Asië gedurende die eerste eeu n.C. Daar is ook nie eenstemmigheid oor hoe die boek gelees moet word nie. Murphy (1994:191) meen dat daar net soveel verklarings is as wat daar persone is wat die boek probeer verklaar. Sommige lees dit as ’n profetiese boek, ander as apokalipties. Beasley-Murray (1997) stel voor dat dit gelees word as ’n profetiese apokalips of as apokaliptiese profesie. Die voorstel van Van Rensburg en Nel (2009:2125) is om dit te lees as ’n “apokaliptiese dramatiese vertelling met ’n profeties-eskatologiese gerigtheid”. Dit lyk na die beste strategie om te volg.

Die inhoud is oorwegend vertellend van aard. Vir Aune (1997:92) is “the relationship between *story* (the events narrated) and *narrative* (the narrative text itself)” (die verhouding tussen die narratief – die gebeure wat vertel word – en die vertelling – narratiewe teks self) van sentrale belang. Dit is volgens Van Rensburg en Nel (2009:2123) ’n “drama-vertelling” wat uit “drie bedrywe” bestaan. Aune (1997:95) wys op die rol wat die getal sewe in die inkleding van die vertelling gespeel het. Die vertelling word omraam met ’n voorwoord in 1:1–8 en ’n nawoord in 22:6–21 (Aune 1997:99). Die eerste bedryf (1:9–3:22) gaan oor die korrespondensie met die sewe gemeentes in Asië. Die sewe boodskappers moet aan die sewe gemeentes die boodskap oordra dat die Seun van die mens bewus is van wat daar by hulle gebeur en hulle aanmoedig om in hulle verhouding met Hom te volhard. In die tweede bedryf (4:1–11:19) begin ’n bo-aardse reis. Volgens Aune (1997:99) is 12:1 tot 22:9 deel van die tweede bedryf. Die tweede bedryf vorm die hoofgedeelte van die boek. Hierin ontvang die Leeu uit die stam van Juda ’n boekrol by Hom wat op die troon sit. Hy breek die sewe seëls daarvan oop. Met elke seël wat oopgebreek word, is daar aardskuddende gebeure. In die proses word die 144 000 wat aan God behoort, bekend gemaak. Met die oopbreek van die laaste seël begin die engele een vir een op trompette te blaas. Weereens skud hemel en aarde met fantastiese gebeure. Die bedryf eindig wanneer Johannes ’n klein boekrolletjie eet en die opdrag ontvang om die boodskap oor te dra dat sommige geoordeel sal word terwyl ander ’n hemelse verlossing sal ontvang. Aune (1997:100) gee toe dat 4:1 tot 22:9 “in relatively cumbersome ways” (op relatiewe lomp manier) saamgestel is. Dit lyk beter om 12:1 as die begin van die derde bedryf (12:1–22:21) te sien. Die beskrywing van die indrukwekkende teken van die vrou wat met die son bekleed is, begin met ’n nuwe onderwerp. Die derde bedryf gaan verder oor visioene van engele, God se toorn wat uitgegiet word, Babilon wat vernietig word, opstanding en die wederkoms van die Seun.

Die vertelde tyd in Die Openbaring is raaiselagtig. Verwysing na tyd, soos 42 maande in Openbaring 13:5, kan nie letterlik verstaan word nie, maar eerder simbolies. ’n Mens kan hier van Nietzsche se term *bowe-historiese perspektief* praat. Vanuit daardie oogpunt word ’n oorsig oor die tydsverloop van die hele geskiedenis aangebied. Dit kom uit die profetiese tradisies met sy kenmerkende historiese oriëntering. Die tyd is simbolies een van stryd en uiteindelijke oorwinning. Volgens Beasley-Murray (1974:46) gaan die hele vertelling van die boek om die uitbeelding van God as Heer van die geskiedenis en sy verlossingswerk in Christus. Die verlossingswerk wat Jesus reeds gedoen het, sal op die tyd waarop God besluit, voltooi word.

Die vertelruimte in die vertelling word vanuit die vertelde ruimte van die eiland Patmos geprojekteer. Die uitbeelding in die vertelruimte stem ooreen met die antieke Semitiese siening van ’n skepping wat uit drie dele bestaan. Dit strek vanaf die hemel bo, die aarde daaronder en die gebied onder die aarde (vgl. Eks. 20:4). Die aksie beweeg van die een vertelruimte na die ander sonder dat dit altyd presies duidelik is waar dinge gebeur. Plekke is gepersonifiseer en ’n plek kan soms die hele aarde aandui. In die visioene kan plekke ook nie altyd in verband gebring word met bekende plekke nie. Die visioene van die dier en die valse profete simboliseer geweld, afgodediens en grenslose geldmag. Die uitbeelding van Armageddon met die dier en die ontugtige vrou staan in verband met magte wat in die Ou Testament voorkom. Hoewel die Ou Testament by herhaling gebruik word, is daar geen direkte aanhalings daaruit nie. Dit is meesal toespelings en parafrasering van die Ou Testament wat gebruik word om die konflik tussen God en sy opponente uit te beeld. Die bedoeling met die uitbeelding van die opponente met allerlei vreemde beelde is om diegene wat onder hulle ly, aan te moedig om weerstand te bied in die wete dat God die oorwinnaar is (vgl. Whitaker 2020:1).

Daar word bykans niks oor die ruimte onder die aarde gesê nie. Daarenteen word die hemelse ruimte uitvoerig beskryf. Dit is waar God se troon is. Hy is omring met ontelbaar baie bo-aardse wesens wat Hom aanbid. Hierdie wesens is verdeel in twee opponerende kampe. Die een groep staan onder leiding van God en die ander onder aanvoering van Satan. Die oorsprong van die wêreld self word nie beskryf nie, slegs dat God die Skepper is van alles wat bestaan (4:11; 10:6; 14:7). Die vernietiging van die huidige wêreld sal opgevolg word deur 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde (21:1). Die gedagte van 'n nuwe Jerusalem dui op God se teenwoordigheid in sy gelowiges se midde. Die getuies van Jesus sal weer lewe en saam met Christus heers vir 'n duisend jaar tot by die eerste opstanding. Die vertelruimte word ingespan om God se mag oor alles wat lewe uit te beeld.

Die vorm van die apokalips bied 'n patroon aan vir die lesers om vanuit 'n ander hoek na hulle lewe te kyk. Die hoorders moet vanuit die geloof in God na hulle lewens kyk as deel van 'n groter werklikheid. Die bedoeling is om die geloofsvlam te laat bly brand in tye van bedreiging en die hoop lewendig te hou van God se ingryping (Beasley-Murray 1974:48). Hoop kanselleer nie lyding nie, maar stel die gelowiges in staat om te bly staan onder moeilike omstandighede. Die hoorders word opgeroep om uit te hou en al hulle verwagting eerder op God te stel as op enige ander mag. Whitaker (2020:8) formuleer die bedoeling van die vertellings as “the victim will become the victor in the eschaton” (die slagoffer word die oorwinnaar in die eindtyd). Die wekroep aan die gemeente Filadelfia is “hou vas aan wat jy het, sodat niemand jou oorwinnaarskrans wegneem nie” (Op. 3:11). Om vas te hou kan met verskillende ander terme uitgedruk word, maar die uitdrukking *veerkrachtigheid* pas goed hier in.

11. Samevatting

In die proto-apokaliptiese literatuur van die Jesaja-apokalips (Jes. 24 tot 27) is die profetiese eskatologie tot 'n kosmiese skaal verbreed om die basis vir latere apokalipse te vorm. In Daniël 1 tot 6 gaan dit oor die oppermag van God. Diegene wat aan God vashou, beskik oor die dinamiese vermoë om veerkrachtig te oorleef. In Daniël 7 tot 12 word gebeure apokalipties gekontekstualiseer om die almag van God ook oor tyd en plek uit te beeld. Vanuit die oortuiging van God se almag oor tyd en plek kan die gelowiges met veerkrachtige geduld en met afwagting leef. In die apokalipties georiënteerde Klein Apokalips (Markus, Lukas en Matteus) staan die apokalips in verband met volhardende geloof in afwagting op die koms van die Seun van die mens. Gelowiges word opgeroep tot veerkrachtige aksie in hulle geloofsgemeenskappe. In Die Openbaring word die totale verloop van die geskiedenis in apokaliptiese taal uitgebeeld as gebeure wat in die hand van God en die Lam is. Die bedoeling in al hierdie gedeeltes is dat die gelowiges dieper moet kyk as die oppervlakkige gebeure van ontwrigting. Hulle moet God met die toekoms vertrou. Die gelowiges moet vanuit hierdie perspektief bly volhard in die geloof en voortgaan met hulle lewe. Hierdie lewenshouding kan onder andere beskryf word as een van veerkrachtigheid.

12. Bybelse apokaliptiek en veerkrachtigheid

Sekulêre apokaliptisisme beoordeel gebeure vanuit 'n tegnokratiese hoek. Katastrofes word as apokalipse gesien in die sin van totale ontwrigting van mense se lewens. Dit word egter as verbygaande en as oorkombaar gesien. *Veerkrachtigheid* is hier die trefwoord vir dinamiese herstel. Dit maak grootliks staat op tegnologiese en menslike vindingrykheid. Die suksesvolle

ontwikkeling van byvoorbeeld entstowwe teen COVID-19 is inderdaad 'n pluimpie in die hoed van tegnologiese ontwikkeling. Dit is egter beperk tot menslike vermoëns en die stand van wetenskaplike kennis. Dit het geen finale antwoord op gebeure soos onbeheerste veldbrande, oorstromings en die dood van honderde deur 'n tsoenami nie.

Fundamentalistiese skemas volg 'n metode van letterlike verstaan en simboliese assosiasies om apokaliptiese literatuur te lees. Dit lewer fyn uitgewerkte berekenings oor die verloop van die geskiedenis en voorspel datums oor die einde van die wêreld wat telkens bedroë daarvan afkom. Die opvallende met so 'n benadering is dat dit oortuiging in dinge (sake) vra. In religieuse apokaliptisisme gaan dit eerder oor geloof in 'n Persoon. In die kursoriese narratiewe ontleding van die Bybelse apokalipse in Daniël, die Evangelie van Matteus en Die Openbaringe hier bo, het die klem elke keer op God en sy almag geval. Die geloof wat vereis word om die storm te oorleef is op God gerig, nie op dinge of skemas nie.

'n Akademies georiënteerde benadering tot die apokalipse in die Bybel laat die fokus op God val. Die geloof in die almag van God oor geskiedenis, tyd en gebeure vorm die basis van 'n lewe nie net van uithou nie, maar ook van dinamiese interaksie met mense en gebeure. Hierdie ingesteldheid het ons telkens met die begrip *veerkragtigheid* in verband gebring.

Tussen sekulêre apokaliptisisme en religieuse apokaliptisisme is daar wel gemeenskaplike terrein. In albei sienings bestaan die oortuiging dat katastrofale gebeure nie noodwendig die finale einde beteken nie. By al twee is daar 'n dinamiese voortgaan om te lewe. Alhoewel sekulêre apokaliptisisme meer dinamies voorkom as religieuse apokaliptisisme, is daar by laasgenoemde 'n meer diepliggende motivering aanwesig. Die verhouding met God plaas veerkragtigheid in 'n religieuse konteks wat veel meer omvattend is as die sekulêre fokus op die sigbare onmiddellike. Teologiese ekologie behels byvoorbeeld geloofsgefundeerde aksies, terwyl dit by die sekulêre om ideologie gaan wat nie noodwendig met die Godheid reken nie.

In sy e-artikel poog Jensen (2019) om 'n brug te slaan tussen religieuse apokaliptisisme en die sekulêre. Jensen (2019) noem homself 'n "cultural or secular Christian" (kulturele of sekulêre Christen). Sy betoog is dat die gelowiges profeties moet optree in 'n hoogs tegnologies-georiënteerde industriële wêreld. Die gelowiges moet die strukture wat onregverdigbare omstandighede in die hede veroorsaak, aanspreek. Hy of sy moet nie fokus net op katastrofale wêreldskuddings nie, maar moet ook ontwrigtings uitwys wat al die krisis veroorsaak, soos omgewingsbesoedeling, menslike onreg onder mekaar, rassisme en selfingenome rykdom. Die gelowige moet optree met eerlike apokaliptiese nadenke wat gebaseer is op die sistematiese evaluering van die toestand van die wêreld waarin hulle leef. So 'n apokaliptiese uitkyk ("apocalyptic vision") (Jensen 2019) sal help om die sosiale en ekologiese omverwerpings ("social and ecological ruptures") (Jensen 2019) van ons tyd te konfronteer. Wat Jensen voorstaan, kom neer op 'n aanpassing in die Bybelse definisie van wat 'n *apokalips* is. Die ontwrigtende gebeure self word nou die apokalips. Die klem verskuif nou meer na die sosiale as die fisiese. Dit gaan nie net oor die einde van die wêreld nie, maar 'n fase in die mens se geskiedenis wat oorleef moet word. Alle sisteme kan verander en vernuwe word. Dit behou egter die oortuiging in God se almag. Dit is in God se hande om te besluit wat die heel laaste fase van die geskiedenis sal wees. Die mens moet egter nou met geloof en veerkragtigheid deur die verskillende fases leef.

Jensen gebruik die idee van "die res" in die Bybel. Jesaja het aan sy seun die simboliese naam van Sjejar-Jasjoeb gegee (Jes. 7:3) (Die Bybel 2020-vertaling). Hy het geprofeteer dat "'n oorblyfsel sal

terugkeer” (Jes. 10:21) vanuit die ballingskap. Na analogie daarvan moet gelowiges die eie tyd ontleed en strategieë ontwikkel om onder veranderende en veranderde omstandighede ’n nuwe fase te betree. Daar sal ’n “res” oorbly, selfs te midde van die belewing van ’n oorweldigende katastrofe. Die tyd van Esra en Nehemia sit vir Jensen uiteen hoe dié wat uit die ballingskap terugkeer het as die “res” weer die mure van Jerusalem herbou het. Die tempel van Jerusalem wat in 586 v.C. verwoes is, is herbou en ’n nuwe tempel kon in 516 v.C. ingewy word. Na aanleiding van hulle voorbeeld kan diegene wat die katastrofale gebeure van die vernietiging ervaar het, veerkragtigheid aan die dag lê en oor die vermoë beskik om die krisis te oorleef.

Na aanleiding van die “res”-konsep redeneer Jensen oor ’n oorlewingstrategie. Hoe die wêreld van die toekoms sosiologies of ekologies sal lyk, is onmoontlik om te bepaal. Ons kan wel daartoe bydra om die toekoms tegemoet te gaan deur veerkragtige vaardighede te ontwikkel om sake te hanteer.

Om uit te brei op Jensen se voorstel: Die COVID-19-pandemie het ons pertinent gewys op die weerloosheid van bestaande stelsels. Die inperking, isolering, uitsluiting, vervreemding en hou van sosiale afstand het gewys hoe maklik die kaartehuis inmekaar kan tuimel. Veranderings en aanpassings het gevolg wat ons op ’n ander manier leer leef het. In ’n veranderde wêreld moes nuwe stelsels ontwerp word en tegnieke gevind word wat kan help om te oorleef.

Die “res” in Jensen se terme is daardie segment van die samelewing wat trauma kan oorleef en daarby aanpas. Gelowiges sal nie definitiewe antwoorde op al die vrae kan verskaf nie, maar minstens deur hulle geloof en verhouding met God ’n koers deur die probleme heen kan aandui. Nie net wetenskaplike antwoorde en ontdekkings uit die sekulêre wêreld nie, maar die ingesteldheid en houding vanuit die geloof maak van gelowiges baanbrekers in ’n nuwe bestel. Hulle het ’n visie van ’n alternatiewe wêreld. Hulle het ’n teo-etiese (“theo-ethical”) (Janse van Rensburg 2021:10) geaardheid wat weerstand bied teen onreg. Gelowiges bou aan ’n nuwe orde wat gegrond is op die apokaliptiese oortuiging dat die stelsels waarin ons leef vervangbaar is. Met profetiese verbeelding kan hulle die situasie analiseer en meewerk om toekomsgerigte strategieë te ontwerp. Hulle kan met veerkragtigheid geestesgesond bly. Met ’n apokaliptiese bewussyn kan gelowiges vanuit die gesigspunt van geloof en vertroue op God suurdeeg wees in die wêreld. Al het hulle onbewustelik ’n “gerealiseerde eskatologiese verstaan van hulle lewe” (Viljoen en Van Aarde 2001:1310), is hulle bewus van die dialektiek tussen die alreeds en die nog-nie. Hulle is in staat om “die sin van hulle bestaan eskatologies vanuit God te vind” (Viljoen en Van Aarde 2001:1310). So kan hulle meewerk om optimisties vaardighede, lewensverhale en leefruimtes te skep wat rigtingvas bly. Bewus van ’n groter werklikheid as net die voorhande en ruimer as net die onmiddellike kan hulle met drome die voortou neem.

So kan die apokalipse in die Bybel, gelees vanuit verantwoordbare akademiese eksegeese, en saamgelees met die inhoud van die res van die Bybel, daartoe bydra dat ’n geestesgesonde Christendom die voorbeeld kan stel van ’n dinamiese God-toegewyde geloof en lewe.

Bibliografie

- Amit, Y. 2009. Narrative literature. In Sakenfeld (red.) 2009.
- Aune, D.E. 1997. *Revelation 1–5. Word Biblical commentary. Volume 52a*. Dallas, TX: Word Books.
- Beasley-Murray, G.R. 1974. *The book of Revelation. New century Bible*. Glasgow: Harper Collins Distribution Services.
- Boda, M.J., D.K. Falk en R.A. Werline (reds.). 2007. *Seeking the favor of God, volume 2: The development of penitential prayer in Second Temple Judaism*. Atlanta, GA: Society of Biblical Literature.
- Cohen, C., V.A. Hurowitz, A.M. Hurvitz, Y. Muffs, B.J. Schwartz en J. Tigay (reds.). 2008. *Birkat Shalom: Studies in the Bible, ancient Near Eastern literature, and post-Biblical Judaism*. University Park, PA: Eisenbrauns.
- Collins, J.J. 1979. Introduction: Towards the morphology of a genre. In Collins (red.) 1979.
- . 1993. *Daniel. Hermeneia – A critical and historical commentary on the Bible*. Minneapolis, MN: Fortress Press.
- Collins, J.J. (red.). 1979. *Semeia 14: Apocalypse – The morphology of a genre*. Atlanta, GA: Society of Biblical Literature.
- Collins, J.J. en D.C. Harlow (reds.). 2010. *The Eerdmans dictionary of early Judaism*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans.
- Cunningham, T. en J. Driessen (reds.). 2017. *Crisis to collapse. The archaeology of social breakdown*. Louvain: UCL Presses Universitaires De Louvain.
- Dein, S. 2021. Covid-19 and the apocalypse: Religious and secular perspectives. *Journal of Religion and Health*, 60(1):5–15.
- De Villiers, P.G.R. 2016. Apocalyptic groups and socially disadvantaged contexts. *Acta Theologica*, 36(23):238–62.
- Die Bybel 2020-vertaling met Deuterokanonieke boeke*. 2020. Tygervallei, Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika
- DiTommaso, L. 2007. Apocalypses and apocalypticism in antiquity (Part II). *Currents in Biblical Research*, 5(3):367–432.
- Duhm, B. 1892. *Das Buch Jesaia*. Gottingen: Vandenhoeck and Ruprecht.
- Hanson, P. 1975. *The dawn of apocalyptic: The historical and sociological roots of Jewish apocalyptic eschatology*. Philadelphia, PA: Fortress Press.

Hendel, R. 2008. Isaiah and the transition from prophecy to apocalyptic. In Cohen, Hurowitz, Hurvitz, Muffs, Schwartz en Tigay (reds.) 2008.

Himmelfarb, M. 2009. *The apocalypse: A brief history*. Hoboken, NJ: Wiley-Blackwell.

Holling, C.S. 1973. Resilience and stability of ecological systems. *Annual Review of Ecology and Systematics*, 4(1973):1–23.

Horsley, R.A en P.A. Tiller. 2012. *After apocalyptic & wisdom: Rethinking texts in context*. Eugene, OR: Cascade Books.

Janse van Rensburg, H.J. 2021. The revelations of Revelation: The book that fits, even when it does not. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 77(4):a6476.
<https://doi.org/10.4102/hts.v77i4.6476>.

Jensen, R. 2019. From the royal to the prophetic to the apocalyptic: The case for a saving remnant. <https://www.resilience.org/stories/2019-08-07/from-the-royal-to-the-prophetic-to-the-apocalyptic-the-case-for-a-saving-remnant> (4 Januarie 2024 geraadpleeg).

Ketterer, D. 1971. New worlds for old: The apocalyptic imagination, science fiction, and American literature. *Mosaic*, 5(1):37–57.

Luz, U. 2005. *Matthew 21–28. Hermeneia – A critical and historical commentary on the Bible*. Minneapolis, MN: Fortress Press.

Murphy, F.J. 1994. Apocalypses – and apocalypticism: The state of the question. *Currents in Research: Biblical Studies*, 2:147–79.

—. 1996. Introduction to apocalyptic literature. *The new interpreter's Bible, vol. 7*. Nashville, TN: Abingdon Press.

Nel, M. 2001. Danielboek as apokaliptiek. *Verbum et Ecclesia*, 22(2):366–78

—. 2002. Literêre genre van die Daniëlverhale. *In die Skriflig*, 35(4):591–606.

—. 2004. Gebruik van twee tale in die Daniëlboek. *Verbum et Ecclesia*, 25(1):236–52.

—. 2012. Daniël 2 as satire. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 68(1):a979.
<https://doi.org/10.4102/hts.v68i1.979>.

O'Brien, S. 2017. Boredom with the apocalypse resilience, regeneration, and their consequences for archaeological interpretation. In Cunningham en Driessen (reds.) 2017.

Rowland, C. 2000a. Apocalypse. In Sakenfeld (red.) 2009.

—. 2000b. Apocalypticism. In Sakenfeld (red.) 2009.

—. 2010. Apocalypticism. In Collins en Harlow (reds.) 2010.

- Sakenfeld, K.D. (red.). 2009. *The new interpreter's dictionary of the Bible. Volume 4: Me–R*. Nashville, TN: Abingdon Press.
- Schüssler Fiorenza, E. 1998. *The book of Revelation: Justice and judgment*. Minneapolis, MN: Fortress.
- Skjoldal, N.O. 1993. The function of Isaiah 24–27. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 36(2):163–72.
- Valeta, D.M. 2008. *Lions and ovens and visions: A satirical reading of Daniel 1–6*. Sheffield: Sheffield Phoenix Press.
- Van Rensburg, F.J. en M. Nel. 2009. *Die Bybellennium: 'n Eenvolumekommentaar*. Vereniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Van Zyl, A.H. 1962. Isaiah 24–27: Their date of origin. *Old Testament Society of South Africa*, 5(1):44–57.
- Venter, P.M. 1993. The function of poetic speech in the narrative in Daniel 2. *Hervormde Teologiese Studies*, 49(4):1009–20.
- . 1997a. Daniel and Enoch – Two different reactions. *Hervormde Teologiese Studies*, 53(1&2):68–91.
- . 1997b. Intertekstualiteit, kontekstualiteit en Daniël 9. *In die Skriflig*, 31(4):327–46.
- . 2000. Understanding the concept of 'time' in Daniel. *Skrif en Kerk*, 21(3):666–81.
- . 2004. Constitutionalised space in Daniel 9. *Hervormde Teologiese Studies*, 60(1&2):607–24.
- . 2006a. A study of space in Daniel 1. *Old Testament Essays*, 19(3):993–1004.
- . 2006b. Doomsday movements in Africa: Restoration of the Ten Commandments. *Hervormde Teologiese Studies*, 62(1):155–73.
- . 2007. *Daniel 9: A penitential prayer in apocalyptic garb*. In Boda, Falk en Werline (reds.) 2007.
- Viljoen D.A. en A.G. van Aarde. 2001. Die boek Openbaring – brandpunte in die teologiese debat. *Hervormde Teologiese Studies*, 57(3&4):1288–311.
- Whitaker, R. 2020. Victim to victor: The appeal of apocalyptic hope. *Religions*, 11(9):1–11.
- Zoran, G. 1984. Towards a theory of space in narrative. *Poetics Today*, 5(2):309–35.